NID KOLLEGE

KOSHUIS REëLS

Student	
Naam:	
Handtekening:	
Program:	
Datum:	

Baie welkom by die Koshuis van die NID Kollege. Ons hoop jy sal baie gelukkig hier wees. Ons wil dit vir jou soos 'n huis maak en daarom is daar reëls wat almal moet nakom.

1. KOSHUIS EN SLAAPAREA

1.1 Die koshuis (sitkamer, eetkamer, kombuis, badkamer, jou eie kamer) moet altyd netjies wees.

1.2 Dit is jou verantwoordelikheid om self jou slaaparea skoon te maak, voordat jy in die oggend uitgaan

1.3 Jou slaaparea moet aan die einde van die jaar in dieselfde toestand wees soos wat jy hom aan die begin van die jaar gekry het, anders moet jy 'n boete betaal.

2. BADKAMER REËLS

2.1 Maak stort of bad of wasbak skoon nadat jy dit gebruik het.

2.2 Spoel die toilet nadat jy dit gebruik het en hou dit skoon.

3. PERSOONLIKE HIGIËNE

3.1 Daar word van die student verwag om daagliks te bad of te stort.

3.2 'n Student is verantwoordelik vir sy eie toiletware.

3.3 Trek elke dag skoon klere en onderklere aan.

3.4 Sorg dat jy skoon en netjies geklee is by etes en was jou hande voor ete.

3.5 Gebruik tafelmaniere.

3.6 Klasdrag moet netjies en gemaklik wees.

3.7 Wanneer uniforms gedra word vir praktiese werk, moet dit altyd skoon en netjies wees.

4. DIENSBEURTE

Die huismoeder sal die studente indeel om sekere werk in die koshuis te doen (skoonmaak van badkamer, TV kamer, kombuis, gange, vee van voorstoep, netjiesmaak van tuin by voordeur, wasgoed vierkant skoonmaak).

Mansstudente sal verantwoordelik wees vir die afhaal en terugneem van die kostrollie by Feedem se kombuis.

Ons wil trots wees op ons koshuis – dit moet vir almal voel soos 'n eie huis dan kan ons almal gelukkig saam hier bly.

5. DAAGLIKSE ROETINE

07:15 – 08:00	**Ontbyt**
08:00 – 10:00	Klas
10:00 – 10:30	Teetyd
10:30 – 13:00	Klas
13:00 – 14:00	Middagete
14:00 – 16:00	Klas
16:00 – 19:00	Sport / Ontspanning
19:00 – 20:00	Aandete

5.1 Staan betyds op sodat jy om 07:15 gereed is vir ontbyt.

5.2 Klasse begin **stiptelik** om 08:00

5.3 Geen laat maaltye sal bedien word indien nie so gereël.

5.4 **NAWEEK ETENSTYE**

08:00 – 09:00	**Ontbyt**
12:30 – 13:15	Middagete
19:00 – 20:00	Aandete

5.5 **SLUITINGSTYE**

	MANS	**DAMES**
Sondag - Donderdag	22:00	22:00
Vrydag & Saterdag	23:45	23:30

Deure word op hierdie tye gesluit.

5.6 Indien studente middae of saans uit koshuis gaan, moet hulle **in boek skryf** waarheen hulle gaan, vir hoe lank hulle gaan, en hoe laat hulle sal terug wees.

6. AANDPROGRAMME

Weeksaande: Studietyd, Ontspanning

Woensdagaand: Bybelstudie (ons wil graag hê almal moet deel wees hiervan)

7. WAT NAWEKE GEBEUR

Vrydagaand	Inkomtyd: Dames – 23:30 en Mans – 23:45
Saterdag	Vrye tyd: Was wasgoed (slegs by wasmasjien – nie in badkamers), maak koshuis skoon, gaan dorp toe of kuier. Aktiwiteitslyste sal voorsien word aan koshuise. NB: Tref alle reëlings met huismoeder en **onthou om in die uitteken boek te skryf** as jy uitgaan. As jy gaan uitslaap, moet jy die Vrydag die huisouer aan diens sê waar en by wie jy gaan slaap.
Saterdagaand:	Inkomtyd: Dames – 23:30 en Mans – 23:45. Deure word op hierdie tye gesluit
Sondag:	Kerkdiens 09:30 – 10:30
Sondagaand:	Inkomtyd: Dames – 22:00 en Mans – 22:00. Deure word op hierdie tye gesluit

8. ALGEMENE REËLS

1. As jy ongelukkig voel oor iets, bv. kos, koshuis, of jy verloor jou sleutel, sê vir die huismoeder.
2. Dames mag nie in die mans se kamers kuier nie – slegs TV kamer
3. Mans mag nie in die dames se kamers kuier nie – slegs TV kamer
4. Geen rook in die koshuise.
5. Geen **drank of dwelms** word toegelaat in die koshuis of op die kampus van NID nie en ook die verkoop en besit daarvan nie. Geen onbetaamlike gedrag wat spruit uit die gebruik van alkohol sal toegelaat word nie.
6. Geen **skerp voorwerpe of wapens** mag in student se besit wees nie.
7. Geen **vloektaal** of **skeltaal** mag gebruik word nie.
8. Fisiese geweld word nie toegelaat nie (moenie baklei nie).
9. Jy mag niks van iemand neem sonder sy/haar toestemming nie. (Mag nie steel nie.)
10. Behandel die personeel, studente en ander mense met respek.
11. Elektrisiteit moet spaarsamig gebruik word. Moenie ligte onnodig aan en af skakel nie.
12. Geen seksuele verkeer word toegelaat in die koshuis of op die kampus van die NID nie.
13. Kamer inspeksies sal gereeld gehou word.

14. NID Kollege dra geen verantwoordelikheid vir gesteelde en of verlore items nie.
15. Sorg dat jou persoonlike items toegesluit word.
16. Die huismoeder het die reg om kasinspeksie te doen indien nodig in die teenwoordigheid van die betrokke student.
17. Inspeksies kan van tyd tot tyd deur SAP (Suid Afrikaanse Polisie) gedoen word.
18. Verwarmers word toegelaat, maar ’n maandelikse fooi is betaalbaar.
19. Geen kos en maaltye mag in koshuise deur studente voorberei word nie en kan wel in groepsverband gereël word deur koshuismoeder.
20. Hoofligte in koshuis moet om 12:00 afgeskakel wees.
21. Moenie koshuismoeders / huisvaders onnodig steur na ure nie behalwe in ’n noodgeval.
22. Reisreëlings vir die vakansies moet vroegtydig getref word en betalings ook vooraf gemaak. Sien asseblief aangehegte tabel vir 2011.
23. Geen ouers / familielede / vriende / oudstudente sal toegelaat word om in koshuise oor te slaap nie en hulle moet self vooraf hulle eie akkommodasie en vervoerreëlings tref.
24. Besoekers moet vergesel word deur student of koshuisouer indien hulle die koshuis betree.
25. Etes oor ’n naweek moet op die vorige week se Woensdagmiddag bespreek word sodat ons kan reël vir die etes. Studente moet hulle inligting op die etelys skryf**.**

Ek, ……. verstaan die reëls en belowe om dit altyd na te kom.
Indien ek dit nie nakom nie, sal die NID die nodige dissiplinêre stappe neem.

…….. .....
Handtekening van student Hoof: NID Kollege

……. .....
Datum Datum